

13 Oktober

Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:3-9
Fokusgedeelte: NGB, Art 24

Die geloof laat weergebore word

Hou bietjie tydens 'n laerskole-sportdag die ouers langs die veld dop! Sulke aanmoediging en betrokkenheid sien 'n mens selde. Elke ouer glo onwrikbaar in die potensiaal van sy kind. "Hierdie kind gaan nog iemand word," sê die ouers met woord en daad.

Helaas bly baie van die mooi potensiaal van elke mens onervul. Daarvoor sorg die sonde, swaarkry en gebrokenheid. Die wêreld is vol vlieëniers wat nooit sal vlieg nie, dokters wat nooit sal praktiseer nie, boere sonder plase en beleggers sonder geld. Uiteindelik word ons heeltemal ander mense as wat ons gedroom het om te wees. Op 'n stadium gee mense hulle ideale prys en maak vrede met wat hulle het. Niemand, behalwe miskien 'n biddende moeder iewers in 'n ouetehuis, glo nog in ons potensiaal nie.

God is anders. God se geloof in jou potensiaal is so groot dat dit 'n daad word. Al die onervuldheid en verbeurde kanse van jou lewe laai God op sy eie Seun. Hy dra jou mislukkings tot in hulle volle konsekwensie, tot in die dood. Dan staan Hy op uit die dood en bring 'n splinternuwe lewe as geskenk na jou toe (vers 3).

Almal wat hierdie geskenk gelowig aanvaar word weergebore. Nou beskik jy oor 'n nuwe lewe met 'n ongelooflike potensiaal. Niks minder as die hemel self (vers 4) en die ewige saligheid (vers 9) is jou bestemming nie. Wat meer sê, God self WAARBORG jou met sy krag dat jy dit sal bereik (vers 5). Leef dus vandag volgens die volle potensiaal van jou nuwe lewe in Christus. Lewe hoopvol (vers 3) en bly (vers 6, 9). Glo in die God wat in jou glo!

DR. WC VERGEER (POTCHEFSTROOM-OOS)